CCPS An AIChE Technology Alliance
Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**

This issue sponsored by
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Verkeerde aflaaipyp veroorsaak ammoniak lek!

**November 2015**







’n Tenker met ammoniak was besig om af te laai vroegoggend in Julie 2009 by ’n aanleg in Suid Carolina. Die tenker se buigbare aflaaipyp is gebruik. Kort nadat die aflaai begin het, het die buigbare aflaaipyp gefaal en ’n groot wolk van ongeveer 7000 ton toksiese ammoniak vrygelaat. Die wolk het oor ’n hoofpad gedryf na ’n beboste area. ’n Motoris het in die wolk in gery en van die pad af gery. Sy het uitgeklim en is later dood weens inaseming van ammoniak. Veertien ander mense is blootgestel en sewe is behandel vir asemhalings probleme en later huis toe gestuur. Die gemeenskap is gevra om binneshuis te bly en die hoofpad is vir ’n paar ure gesluit.

Tydens die insident ondersoek is bevind dat die waarskynlike oorsaak van die faling van die alaaipyp was dat dit nie chemies geskik was vir ammoniak nie. Dit was duidelik gemerk vir gebruik op vloeibare petroliumgas: “LPG TRANSFER ONLY” (LPG – Liquefied Petroleum Gas). Die tenker maatskappy het vasgestel dat een van hulle LPG tenkers ’n ammoniak aflaaipyp op gehad het, dus is die aflaaipype iewers omgeruil. Die aflaaipyp wat gefaal het is moontlik tussen 2 en 12 keer gebruik om ammoniak af te laai. Die ondersoek het ook bevind dat ontoereikende aflaaiprosedures en onvoldoende inspeksies van die aflaaipype bygedra het tot die ongeluk.

## Wat kan jy doen?

- Maak altyd seker dat die korrekte aflaaipyp gebruik word. Dis veral belangrik as jy die aflaaipyp gebruik wat saam met die tenker kom.
- Lees waarskywings en etikette op aflaaipype. Vra hulp as jy onseker is of die aflaaipyp geskik is.
- Inspekteer aflaaipype altyd vir skade, self die wat saam met die tenker kom. Moenie aflaaipype gebruik wat nie in goeie toestand is nie. Kyk ook of die pakstukke en seels in goeie toestand is.
- Stoor aflaaipype altyd versigtig om te voorkom dat hulle knak, raakgery of beskadig word.
- Volg jou aanleg se prosedures vir inspeksie en vervanging van aflaaipype noukeurig.
- As jy gereeld aflaaiwerk doen met ’n aflaaipyp wat saam met die tenker kom en die pyp lyk skielik anders, wees baie versigtig an vra iemand wat weet of dit geskik is.
- Lees ook die Beacons van Aug 2004, Julie 2007 en Okt 2011 wat handel oor ander aflaaipyp ongelukke.

## *Gebruik jy die regte aflaaipyp?*

©AIChE 2015. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**